

Wat kom na die DOOD? Is jy BANG om te vra?



Vandag vra ek 'n paar pastore wat met mens gebeur wanneer jy doodgaan.

Dis 'n vraag wat elke mens hom of haar vroeër of later moet afvra. As jy nie duidelikheid in jou gemoed oor hierdie belangrike kwessie het nie, hoop ek dié kort traktaatjie help jou beter verstaan.

Die antieke Egiptenare het hulle 'ewig-durende' piramides gebou omdat hulle geglo het dat hulle farao's goddelik is en na die dood vir ewig bly voortleef. Hulle het enorme moeite gedoen om die mummies vir dié nadoodse bestaan voor te berei. Griekse mistici wat Egipte besoek het, het dié idee aangegryp en die Griekse mistieke godsdiens het toe die begrip dat daar iets onsterflik in die mens is, iets wat nie kan doodgaan nie, ontwikkel. Hulle het dit die *onsterflike siel* genoem.



Farao Toetankhamoen

Maar dié mense het niks van die Wederopstanding geweet nie.

Die vernaamste voorstanders van die filosofie van die onsterflike siel was Plato en sy mentor, Sokrates. Die eerste Christelike kerk het dié vals doktrine verwerp. Hulle het in die Wederkoms van Christus geglo, en daarmee saam die Oordeelsdag en die Wederopstanding. Die Griekse filosofie wou die Bybel se ondubbelsinnige leringe oor die Wederkoms van Christus afmaak - iets wat, so terloops, in een uit elke dertig verse in die Nuwe Testament genoem word. Die Bybel noem die Oordeelsdag sowat 'n duisend keer, met 'n menigte verwysings na die Wederopstanding.

Maar teen die derde eeu het die Kerk begin verswak en het baie gelowiges die idee van 'n onsterflike siel begin aanvaar.



Selvs die heilige Augustinus (links) het hierdie vals leerstelling aangehang, en dit het duisend jaar lank hoogty gevier, tot met die verskyning van die Anabaptiste in die sestiende eeu. Hulle het korrek geleer dat die dood 'n vorm van slaap is.

Die woord onsterflik, so terloops, kom net een keer in die Bybel voor en dan net met verwysing na God.

1 Timoteus 1:17 verklaar dat God onsterflik is. Die Bybel sê dit egter **nooit** van die mens nie. Hoewel die woord 'siel' talle kere in die Bybel voorkom, word dit met die betekenis van 'n 'wese wat asemhaal' gebruik. Die woord word selfs vir diere gebruik: die laer lewensvorme word 'asemhalende siele' genoem. Hulle word egter nooit *onsterflik*, *onverganklik* of *ewig* genoem nie.



Esegel 18:4 deel ons mee: "Die siel wat sondig, dié moet sterwe." Openbaring 16:3 sê dat gedurende die sewe plae 'elke lewende siel in die see gesterf het'. (Vertaling van die King James-Bybel)

Josua 11:11 praat van 'siele wat met die skerpte van die swaard verslaan word'. Nêrens leer die Bybel dat ons oor 'n 'onsterflike siel' beskik nie; intendeel, die mens word weer en weer as 'sterflik' beskryf. Lees Job, lees 1 Korintiërs 15, lees Romeine; die Bybel stel dit herhaaldelik dat ons sterflik is.



Ons enigste hoop is die Wederopstanding.

Al hoop vir ons is die Wederopstanding van Jesus Christus, 'n historiese feit wat deur meer as vyf honderd getuies waargeneem is.




Kom ek vertel jou nou van iets koddigs, eintlik iets tragies wat in die Kerk se lering kop uitgesteek het. Toe die mense nou (verkeerdelik) besluit het daar is so 'n ding soos 'n ewigdurende siel, sit hulle met 'n turksvry: hoe nou maak met die sondaars? En wat maak hulle toe? **Hulle kom vorendag met die idee van die hel, die ewige hellevuur!**

Dis waar dat die woord 'hel' in die Bybel voorkom, maar dit beteken gewoonlik 'graf'.

Op 'n paar plekke in die Nuwe Testament word die woord 'hel' wel gebruik as vertaling van die Griekse naam *Gehenna*, wat 'n vul-listerrein buite Jerusalem was waar lyke en afval verbrand is: 'n vreffende beeld van die vernietiging van die boses aan die einde van die wêreld.



Hieronymus Bosch se beroemde uitbeelding van die Hel



Maleagi 4 sê die dag sal kom wanneer die Here almal wat 'godeloosheid bedryf' aan die brand sal steek en 'geen wortel of tak' van hulle sal oorbly nie.

Nee, liewe vriend, die sondaars sal nie in alle ewigheid ly nie; hulle sal vernietig word. Die Bybel bevestig dit telkens.

Dit lyk asof die idee van die ewige hellevuur deur net 'n enkele vers in die Bybel gestaaf word: Openbaring 14 praat van vuur wat vernietig. Openbaring is 'n visioen wat God die apostel Johannes gegee het op die eiland Patmos, wat sy plan vir die laaste dae onthul. Hoofstuk 20 praat van die dood wat vernietig word wanneer die aarde 'n vuurpoel word voor die nuwe aarde ontstaan. In die volgende hoofstuk vind mens daar is geen leed of smart meer nie, geen dood nie, geen tranes nie. Dit is die wêreld waarna ons as Christene uitsien.



Liewe Vriend, die idee van die ewige hellevuur is vreesaanjaend. As een van Augustinus se leringe het dit meer as duisend jaar lank hoogty gevier, tot die koms van die Anabaptiste en Luther in die sestiende eeu, wie se lering was dat die dood blood soos slaap is. William Tyndale, Bybelvertaler, het ewens geglo die dood is soos slaap.



Die sewende vers van die boek van Judas lui dat die sondaars vernietig sal word soos Sodom en Gomorra, dus deur 'ewigdurende vuur'. Dis simbolies; Sodom en Gomorra brand immers nie meer nie!

'Ewig' en 'ewigdurend' moet altyd in konteks verstaan word. Jona het verklaar hy was 'vir ewig' in die groot vis... maar dit was vir net drie dae! Daniël het Nebukadnesar toegewens: "Leef vir ewig!" Mooi woorde, maar die goeie koning het sweerlik nie langer as twee of drie dekades gehou nie! **Dus: die Bybel gee 'vir ewig' en 'ewigdurend' geensins die selfde noodlottige betekenis as die woorde van die hellevuur nie.**

Billy Graham reken **John Stott** is die evangelis wat die wydste vertrou word. Wat sê Stott van die teorie van die hellevuur waaraan mense so klou? *Die geloof dat die mens oor 'n ewige, onsterflike, onverganklike siel beskik?* Hy sê mens kan nie meer as vyftien minute lank daaraan dink sonder om gek te raak nie. **Hy's heeltemal reg - probeer dit gerus!**



God beveel dat ons ons vyande moet liefhê.

Diegene wat leer dat 'n ewige Hel en ewigdurende vuur en foltering bestaan, sê in der waarheid dat God doen wat Hy ons verbied om te doen. God kan tog nie die ewigheids sonder om te besef dat God 'n God van liefde is nie. Mens kan nie die ewigheids lees en glo God sal ons vir ewig in die hellevuur laat braai nie.



Maar as jy glo wat Jesus sê in Matteus 10:28: "En moenie vrees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam verderwe in die hel."



*** Voor jy verder lees: Dié traktaat sê voor jou aardse lewe verby is, mag jy kies: ewige lewe in die hemel, of ewige dood.**

Let wel: In die Bybel word 'siel' dikwels met 'lewe' vertaal.

Dis jou keuse.



Onthou altyd: die waarheid is in die Bybel, en net in die Bybel.

My Liewe Vriend

Ek mik dié traktaat op sowel diegene wat die reddingsboodskap van Jesus as hulle Heer en Verlosser wil verstaan, as op hulle wat hul geloof met ander wil deel.



Waarop dit neerkom, is: Hoe kan ek weer gebore (gered) word? **"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word."**

Handelinge 16:31

Twee kort aantekeninge ter wille van agtergrond:

William Tyndale (1494-1536) was 'n Engelse geleerde wat in die sestiende eeu 'n leidende rol in die Protestantse Hervorming gespeel het. Omdat hy geglo het elke Christen het die reg om die Bybel in sy eie taal te lees, moes hy uit Engeland vlug, want tydens die bewind van koning Hendrik VIII is mense brandstapel toe gestuur vir die vertaling van 'n Engelse Bybel. Tyndale is toe Duitsland toe, waar hy in 1525 'n Engelse vers van die Nuwe Testament uitgegee het. Dié daad het uiteindelik tot sy teregstelling gelei. Tyndale se puik vertaling is op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste gegrond en het as basis gedien vir die veelgeroemde Koning James-Bybel, wat in 1611 verskyn het.

Die Anabaptiste het in die sestiende eeu na vore getree. Hulle was gekant teen die doop van babas, aangesien die doop 'n volwasse wilsbesluit moet wees wat die dood, begraving en heropstanding van Jesus ritualisties gedenk deur indompeling en orentkoming. Die Anabaptiste het korrek geleer dat die dood 'n tipe slaap is.